



LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

UIT DIE KANTOOR

"You don't have to see the whole staircase, just take the first step." Martin Luther King
Dit is vir kinders in eksamentyd baie maklik om oorweldig te voel. Die volume werk en die druk om te presteer is partykeer net te veel vir hulle om te kan hanteer.

Ons as volwasse ouers het al oor tyd geleer om strategieë te ontwikkel om van spanning te ontlaa. Dit is juis hier waar ons taak as ouers begin.

Ons moet ons kinders help deur hulle te lei deur dié tyd. Help hulle om op koers te bly en vroeg te begin leer. Wys hulle dat hulle nie na die hele klomp werk as 'n geheel moet kyk nie, maar as dele wat hulle stukkies vir stukkies en dag vir dag kan aanpak. Wees positief as julle met hulle gesels. Laat jou kind genoeg oefening kry en buite gaan speel. Hulle het dit baie nodig. Laastens, dink ek is die belangrikste, wys liefde en omgee en dat hulle weet julle liefde vir hulle verander nie soos hulle punte meer of minder word nie.

Baie dankie aan ons personeel wat met soveel liefde en omgee met kinders werk. Dankie ook vir julle as ouers wat meer as julle deel doen om ons kinders te ondersteun. Saam maak ons 'n "great" span.

My beste wense en sterkte vir elke gesin en ons skoolfamilie.

Pieter de Bruyn




KARAKTERBOU

Ons fokus hierdie jaar op verantwoordelikheid.

Bokkies is verantwoordelik om hul eie klasse skoon te hou. Baie geluk aan die Graad 1's wat die afgelope twee weke gewys het dat hulle maar mág skoonmaak.

Ons is ook verantwoordelik om maats te help wat minder as ons het. Ouers wat graag wil help met die skryfbehoeftes-projek, kan potlode, liniale en ander skryfbehoeftes na juffrou Rolien of juffrou Sumi stuur. Hierdie skryfbehoeftes sal aan 'n buurskool geskenk word.



KARAKTERKAMPIOENE

Hier is die Karakterkampioene vir Mei.

Graad 1: Dianné Solomons: 'n Baie netjiese werker.

Graad 2: Byron Jooste: Hy is gaaf en mooi met ander.

Graad 3: Nadie Bungen: Hardwerkende leerder.

Graad 4: Christopher Wagener: Hy sluit altyd ander in.

Graad 5: Marlizéy van Zyl: 'n Baie netjiese werker en gee haar beste.

Graad 6: Elgar Jantjies: Hy is hardwerkend en het goeie maniere.

Graad 7: Daniël du Toit: Hy werk baie hard en is altyd vriendelik.

Bokkies, jul maak ons trots!

REDENAARS



Ons is baie trots op die volgende redenaars se pragtige uitslae tydens die Oppie Tong Af kompetisie.

- CP du Toit - Graad 2 - 86%
- Gian Gagliano - Graad 4 - 85.7%
- Melia Burger - Graad 6 - 86.2%
- Cassie du Toit - Graad 6 - 89.5%
- Sebastian van Zyl - Graad 6 - 85%
- Zoey Carolus - Graad 7 - 87%
- Mia Gagliano - Graad 7 - 87.5%



NETBALPROEWE

Baie geluk aan Zenith Julies wat die Kaapse Wynland Interdistrikspan gehaal het! Sy neem van 15-18 Julie in Bredasdorp deel.

Zenith, ons is ongelooflik trots op jou prestasie en wens jou alle sterkte toe!

EISTEDDFOD

Baie sterkte aan elkeen wat aan die Paar! Vallei Virtuele Eisteddfod gaan deelneem!

Video's word vanaf die 22ste Junie 2026 gemaak.

Alle deelnemers is welkom om na skool by juffrou Rolien te oefen!

Konsert 2026



Ons is baie opgewonde oor hierdie produksie. Hierdie jaar neem Pre-graad R tot 7 weer aan die konsert deel.

Alle leersers moet asseblief 'n fooi van R200 betaal om aan die konsert deel te neem.

Hierdie fooi dek 'n deel van die beligting, grimering, kostuums en dekor.

Betalings moet asseblief voor die 26ste Junie 2026 per eft in die skool se rekening gedoen word. Gebruik u kind se naam + konsert as verwysing.



PRETDAG

19 Julie, Vrydag

Betaal **R30** kontant by jou klas-register onderwyser en wees deel van die dag se pret!

Trek jou nagklere aan, bring 'n komersie&kussing en geniet die volgende:

- springmielies
- warm sjokolade
- 'n fliek



STILBAAI TOER

31 JULIE - 1 AUGUSTUS

Ek wil net elke ouer herinner aan die toer wat plaasvind. Ek sal die google vorm weer uitstuur vir die ouers wat dit nog nie voltooi het nie.

Ons sal die getalle net wil begin bevestig om kostes deur te gee aan die leenders wat by die skool bly.

--Juffrou Lize--



BIBLIOTEK

HULP NODIG

PROJEK: BIBLIOTEK

Die boeke in die biblioteek benodig aandag. Baie boeke moet met nuwe plastiek oorgetrek word. Beskadigde boeke moet heelgemaak word. Ek benodig asseblief dringend mammas wat kan help.

Kontak vir Juf Sonja indien jy kan help



PREGRAAD R

Ons leer meer van Suid-Afrika en word bederf met biltong, droëwors, koeksisters en 'n lekker stukkie rugby.



FONDSINSAMELING

Baie dankie aan elkeen wat reeds moeite gedoen het om lootjies te verkoop. Hierdie Fondse sal weer tot voordeel van elke leerder aangewend kan word. Spesiale dank aan al ons klasverteenvoordigers en ouers wat gehelp het om pryse te kry.

15 Junie

Alle boekies moet by die skool ingehandig word.

17 Junie

Gelukkige trekking




AKADEMIE

Die Junie-eksamenrooster is uit!
Maak seker dat leerders getrou hul kant bring en vroegtydig begin voorberei.
Alle ouers kan kennis neem van die skooltye tydens die eksamen.

Junie EKSAMEN TWEEDE KWARTAAL GRAAD 4 TOT 7			SKOOLTYE 07:30 - 13:00	2026	
MA	DI	WO	DO	VR	
8 4 - Afr. Taal 5 - Eng. Lang 6 - Wisk. 7 - SW EN LO	9 4 - Wisk. 5 - Afr. Taal 6 - Eng. Lang 7 - Afr. Taal	10 4 - Eng. Taal 5 - SW 6 - NWT 7 - NW	11 4 - SW 5 - Wisk. 6 - LV (PSW) 7 - Eng. Lang en Teg	12 4 - LV (PSW) 5 - LV (PSW) 6 - Afr. Taal 7 - Wisk. en Kuns	
15 4 - 7 Spesiale Skool-vakansiedag GEEN SKOOL	16 JEUGDAG GEEN SKOOL	17 4 - NWT 5 - NWT 6 - SW 7 - EBW	18 Kontrole van punte	19 Prettdag	

TENNIS



Baie geluk aan ons tennisspelers wat baie goed gevaar het in die tweede been van die Kaapse Wynland tennisproewe. TROTS OP JULLE!
Uitslae:

o. 13 seuns -	4. Ben
	8. Daniël
	9. Wikus
o. 13 dogters	3. Zoey
	8. Mia
o. 12 seuns	10. Cassie
o. 12 dogters	1. Cara
	2. Helené
	3. Zané
o. 11 seuns	4. Christopher
o. 11 dogters	6. Gabriëlla
	7. Marissa
	8. Luah
	9. Katryn

Die laaste proewe vind plaas op Vrydag, 21 Augustus 2026.




20 JUNE

WORCESTER

U/9 to U/12 Worcester venues
U/13 & older Ceres

ORGANISER: Annelise Human 083 227 9290
info@forzatennis.co.za
Entries: www.capetennis.co.za